Greater Cederberg
Fire Protection Association

Notule van Algemene Jaarvergadering

24 Julie 2015 (11:00 – 13:30)

Jakkalsfontein Privaat Natuur Reservaat, Yzerfontein

1.	Opening en Verwelkoming

Rudolf Andrag verwelkom almal teenwoordig op die vergadering.
Op die vergadering is 40 lede teenwoordig en verskoning vir 53 lede word aangebied. **(Aanhangsel 1 – Teenwoordigheid register en Aanhangsel 2 – Lys van Verskonings ontvang)**

2.	Goedkeuring van vorige notule

Die vorige notule (18 Julie 2014) word aan die vergadering voorgelê. Goedkeuring van die notule word deur Peter Dorrington voorgestel en dit word gesekondeer deur Steyn Marais.

3.	Finansiële Verslag

Jacomien Britz lê die finansiële verslag vir tydperk Maart 2014 – Februarie 2015 aan die vergadering voor.

- ’n Gemiddelde groei van 23% in die totale inkomste van die GCBBV word aangedui.
- Verskillende inkomstes en uitgawes word voorgelê met vergelykende syfers van die vorige finansiële jaar.
- ’n 12% groei het plaasgevind.
- Algemene uitgawes soos brandstof en huur is aansienlik minder as die vorige finansiële jaar.
- R35 286 is uitstaande vir onbetaalde ledegelde.

Marius du Plessis stel voor dat die finansiële verslag aanvaar word en Barry Schreiber sekondeer.

4.	Verkiesing van Voorsitter en Onder Voorsitters

Rudolf Andrag se termyn as Voorsitter verstryk na 1 jaar.
’n Nominasie is ontvang vir Bertus Senekal as Voorsitter.

Geen nominasies vir nuwe UK lede is ontvang nie en ’n voorstel word ingedien dat die nuwe UK lede by die volgende UK vergadering gekies moet word.

Bertus Senekal word aanvaar as die nuwe Voorsitter vir die GCBBV. Marius du Plessis stel voor dat dit aanvaar word en Peter Steyn sekondeer.

5.	Terugvoering van Weskus Distrik Munisipaliteit

Bertus Senekal gee terugvoering rondom die werksaamhede van die WKDM die afgelope brandseisoen. ’n Totaal van 196 veld en bosbrande is hanteer.

- Die vermindering van veld en bosbrande gedurende de 2014/2015 brandseisoen word toegeskryf aan die lede wat aan die GCBBV (Groter Cederberg Brandbeskermingsvereniging) behoort. Lede pas die reëls en voorsorg toe wat aan hul voorgestel word in die brandbestuurs planne.
- *Initial Attack* is geïmplementeer by 17 brande, waarvan die grootste brand in die streek die een by Laatson, Porterville was. Daar is 3600 ha afgebrand.
- 215 brandpermitte is gedurende die jaar uitgereik.
- Een van die groot bekommernisse is dat grond eienaars gedurende die brandseisoen op rooi dae brand, en nalatigheid kan groot vure veroorsaak.
- Bertus noem dat die uitstuur van die FDI, inligting stukke en nuusbriewe groot bydrae maak tot die bewusmaking en voorkoming van veldbrande.
- Plaas oudits gaan gedoen word voor die nuwe brandseisoen in November 2015 begin. Die oudits sal begin by die FPA lede en dan die nie-FPA lede. Hiermee word ook beoog om die grondeienaars wat nog nie lid is by die BBV aan te moedig om wel lid te raak. Die fokus punt gaan wees op geboue op die eiendomme en daarin ook die grondeienaars te help om hulle geboue ook te beskerm teen brande.
- Grondeienaars gaan ook beter leiding gebied word oor hoe om die eienaar se eiendom meer toegankliker vir die brandweer te maak, soos bv. om die paaie meer rybaar te maak vir brandweer voertuie gedurende ’n veldbrand.

Projekte:

- Bied ondersteuning aan ’n student van die Universiteit van Stellenbosch wat ’n studie doen oor die laaste Swartland renosterveld wat oor is;
- Deelgeneem aan beheerde brande in samewerking met die GCBBV;
- Blok brande gaan gedoen word vir opleiding doeleindes.

Theunis Hanekom maak van die geleentheid gebruik om die KWDM en BBV te bedank vir die hulp tydens ’n vuur wat groot skade kon verrig as hulle hulpbronne nie beskikbaar was nie. Hy wil ook versoek doen dat vuurlyne langer opgepas moet word na ’n vuur geblus is om te verseker dat die brand wel ten volle geblus is en dat daar geen gevaar meer is nie.

Bertus Senekal noem dat die norm vir bystand op ’n vuurlyn is 72 uur. Indien daar ’n ander vuur plaasvind sal daardie bystand span onttrek word om te gaan help by ’n (die) ander vuur.

6.	GEF FynbosFire – Tessa Oliver

Tessa Oliver, koördineerder van die GEF FynbosFire projek gee terugvoering oor die drie jaar projek vir die GCBBV.

- Befondsing aan die GCBBV strek tot en met einde Desember 2015.

- Die GEF befondsing het R1.5 miljoen BBV's beskikbaar vir opleiding te verskaf aan lede en vennote wat aan die BBV's behoort.
- 'n Addisionele R300 000 is aan verskeie BBV's geskenk om die kapasiteit van Basiese Brandbestryding opleiding te bevorder.

7.	**Lugondersteuning – Francois Weyers**

Francois gee terugvoering oor die sukses van die *Initial Attack* program.

- Gedurende die 2014/2015 brandseisoen was daar 17 suksesvolle *Initial Attacks* geloods, waarvan 3 binne die grense van die GCBBV was.

8.	**Wes-Kaap Sambreel BBV – Peter Dorrington**

Peter beklemtoon dat die maak van brandbane op wettige wyse soos voorgeskryf deur DAFF, baie belangrik geag moet word.

- Bosbou areas het onttrek van die Wes Kaap Sambreel BBV en gaan aansluit by DAFF wat bestaan uit 26 000ha.
- Baie brande is afkomstig van Eskom lyne en dit is belangrik dat Eskom 'n lid moet raak by 'n BBV.
- Transfreight het reeds lid geraak.
- Grootste uitdaging op die stadium is dat SANRAL moet lid raak van die BBV.

9.	**Groter Cederberg BBV 10 jaar later – Rudolf Andrag**

Rudolf lewer 'n oorsig oor die afgelope 10 jaar van die GCBBV se bestaan.
(Aanhangsel 3)

10.	**Working on Fire – Shane Christian**

Shane gee almal 'n kortlikse opsomming oor die werksaamhede van die afgelope jaar en lig belangrike punte rakende WoF uit:

- Gesondheid en Veiligheid is altyd prioriteit nommer een;
- Die WoF begroting is verminder en uitgawes sal besnoei moet word;
- 24 beserings is gedurende 2014/2015 brandseisoen gerapporteer;
- *Crew Leaders* gaan baie strenger bestuur word om beter resultate in die spanne te verseker;
- WoF spanne gaan aan DEA gekontrakteer word om bystand te lewer met verskeie projekte gedurende die af seisoen;

11.	**GCBBV Algemene Voorlegging – Charl du Plessis**

Charl gee terugvoer oor die afgelope jaar.

Die vergadering bedank Charl vir sy toewyding en baie belangrike insette in die GCBBV in die afgelope 10 jaar.

(Sien Aanhangsel 4 – GCBBV – Jaarverslag)

12.	**Afsluiting**

Vergadering verdaag om 13:30.